

GELOOF IS OM TUIS TE KOM

WATERKLOOFKERK; KONINKRYKSTYD 22 JULIE 2018; LUKAS 15: VANAF 17, JOHANNES 14: 1-3, 23; 15:4.

Verlede week het ons Jesus se waarskuwing oor die ware en valse profete gelees. Ons is in ons tyd en wêreld terdeë bewus dat daar gesonde en ongesonde vorme van godsdiens en geloof is.

Wanneer mens byvoorbeeld sou hoor die mense in 'n bepaalde omgewing of land is 'so godsdienstig' of hoor 'sy is so gelowig' dan maak dit mens nie noodwendig bly nie. Jy wonder eers watter soort geloof praat ons van: gezond of ongesond. Daarom moet ons soos Jesus ons leer krities oor geloof wees en ten minste vra: 'Wat is die vrug van hierdie godsdiens en hierdie soort geloof?'

Die onderskeiding tussen gesonde en ongesonde geloof (bv Hans Küng se kriteria iewers in artikel (JTSA?) en Christina Landman in Beeld-artikel) – is nie opsigself duidelik nie; dit is nie 'myne is gezond' en 'die wat van my verskil is ongesond' nie. Ook werk dit nie so maklik soos 'n optelsom nie. Die onderskeid kan ons nogtans help om nie alle godsdiens oor een kam te skeer soos talle skrywers, fliemmakers en kritici klaarblyklik geneig is om deesdae doen nie.

Alle geloof is beslis nie goed nie en alle geloof is beslis nie sleg nie.

- Geloof vir die Bybelboek Hebreërs is om anders na die lewe en na jouself en ander en selfs anders na God (as die hart van die werklikheid) te kyk. Gesonde geloof laat mens breër en dieper sien. Dit laat jou die teleurstelling of die seer raaksien maar ook die troos.
Ongesonde geloof beperk jou visie. Dit maak dat jy die harde werklikheid nie in die oë hoef te kyk nie soos talle denkers oa ook Bertrand Russell (in *Why I am not a Christian*) godsdiens mee kritiseer (bv in Ferdinand Deist se *Nagdissipels*; vergelyk ook F Nietzsche se kritiek by werke van WP Esterhuysen) Of ongesonde geloof laat jou teen een iets vaskyk. Kan wees teen sabbatsdag of groot doop of satan of een of ander 'sonde'. In Jesus se Matteus-woorde: 'Jy sien die splinter by ander raak maar nie die balk in jou eie oë nie'.
- Geloof is om in lewe en sterwe vertrou in God te hê, leer die Heidelbergse Kategismus. Gesonde geloofsvertrou is daarom om te kan aanhou om vir geregtigheid te stry, aanhou om die goeie te doen al lyk dit asof ons teen die Onmoontlike ons verset.
Ongesonde geloof daarteenoor is vertrou sonder eie verantwoordelikheid. Dit is om agter jou eie veilige tralies passief te skuil en te bid dat God iets aan die land moet doen. ('Innerlike emigrasie' volgens Jürgen Moltmann; sien ook Wolfgang Huber en

Dorothee Solle oor verantwoordelikheid – by Solle word dit egter alleenverantwoordelikheid).

- Geloof het ons verlede week met die uitsending van Nico de Klerk gesien is om soos die meeste Bybelfigure andersoortig en opofferend te lewe en om selfs vreemde dinge ter wille van 'n groter doel te doen. Petrus sê selfs geloof is om jou vreemdelingskap in die wêreld te aanvaar.

Gesonde vorme van geloof as alternatiewe leefstyl is dat jy leef en werk en waag en bid dat die wêreld 'n beter plek kan word. Dat mens sal opoffer sodat mense self die beste van hulle omstandighede maak en nie langer net wag vir uitdeel van die staat nie.

Ongesonde vorme van geloof is wanneer net die vreemde dinge, net die buitengewone, net dit wat ons doen, net dit wat ons probeer al is wat sou tel. Ons kan dit kort stel Ongesonde geloof verskraal geloof tot doen, uitreik, die geloofpad en verwaarloos die net-wees, die tot rus kom (of tuiskoms), die geloofshuis. ...

Juis, meen Johannes: Geloof is ook soos 'n huis.

Kom ons lees enkele verse uit die Johannes-evangelie. Slegs twee keer kom die woord *monē* (woning) in die Nuwe Testament voor en dis beide kere in Johannes 14 (PF Theron,). Een gaan oor God se woonplek by ons en twee ons woonplek by God.

Die saak van (in)woning en van bly kom dwarsdeur die Evangelie en die eerste Johannesbrief voor. Dis 'n belangrike perspektief gegee aan die einde van die ontstaantyd van die Bybelboeke.

Johannes 14: 1-3, 23; 15: 1-4

Wat 'n wonderlike vreugde is dit nie wanneer mens na 'n besige dag en in die koue van die winteraand kan tuiskom nie? Selfs na 'n heerlike vakansie is die tuiskoms dikwels heerliker as die reis self! As jy by jou huis instap en behaaglik, veilig, ek-behoort-aan gevoel kry, is die gevoel dit wat geloof in God jou wil gee: Jy's tuis, jy's tuis by God! Jy sak in jou stoel en vertrou jou lyf aan die stoel toe. God is soos die stoel in jou *heimat*. Jy kan daar jouself wees.

Wat 'n verskrikking – *unheimlich* sê die Duitsers - is die lewe nie as jy na 'n dag se soek na kos en werk in die koue en onveiligheid van die straat moet bly nie.

Paul Simon en Ladysmith Black Mambazo se lied *Homeless* sê dit waarskynlik die duidelikste . Tog is dit nie net 'n protes teen armoede en swaarkry nie maar 'n versoek om tuis te kan kom...luister hierna...

Jesus se uitnodiging na geloof in God is hier eintlik verregaande. Hy nooi ons nie dat ons sal tuiskom in die veiligheid en aanvaarding van ons geloofswaarhede nie. Dit kan al help in 'n deurmekaar wêreld.

Hy nooi nie soos in die OT dat onself kan wees en ons identiteit kan vind by die tempel en die godsdeinstige gebeure by die tempel nie. Ook nie soos Joodse godsdiensteleiers na die vernietiging van die tempel na die sekerheid en veiligheid van die woord of die wet van die Here (die Tora) wat ons dag en nag uit ons kop kan opsê en veilig voel nie...Jesus gaan verder:

Jesus nooi ons na God self. Na God as 'n tuiste. 'Julle moet in my bly en ek in julle.'

Dit is God self wat by ons wil bly. Hy maak nie net eendag 'n hemelse woning vir ons klaar nie maar wil nou al by ons en in ons binnewêreld sy tempel deur sy Gees maak. (Hoofstuk 14 fokus op die koms van die Gees – sien by Willem Nicol, Dieper Dors). God wil in ons bly. Ons kan by God bly.

Dis misterietaal. Andrew Murray het hieroor gesê dit kan nie verstaan word nie, die nabyheid en saamwees van God in my binneste bly 'n goddelike verborgenheid (Nicol, Dieper Dors, 199). Gaan duidelik nie om om my doen nie dit gaan om in God te wees. Dit gaan beslis daarom nie om self 'n geloofshuis te wil bou nie maar om in God as huis te bly.

'n Jong pa in die gemeente vertel my die week van sy worsteling om besluit te neem om in ander stad te gaan werk. Watter kant toe hy ook al dink, het voor- en nadele. Hy neem toe so halfpad 'n besluit. En hy kry toe 'n eenaardige warm gevoel van dit moet so wees. Dit gebeur nie dikwels so nie. Dis 'n bonus asmens voel jy besluit reg.

Meestal is ons dae net te besig, ons gedagtes oorvol en wiplank ons emosies te veel om enigsens 'n warm gevoel van God se nabyheid en inwoning in ons lewe te kan kry. Ons kan dit egter glo. Ons kan tot rus kom in die misterie. Die eerste brief van Johannes vra 22 keer ons kan weet dat God by ons bly.

As geloof God soos 'n huis laat wees. 'n Huis waarin jy kan tuiskom waar jy veilig is, vry is om jouself te wees, waarin jy weet ek hoort hier, waarin jy tot rus kom dan is ongesonde geloof tog om ontuis in die huis, onwaardig, ongemaklik, onvervuld, gelaai met skuld te wees. Eenaardig kom die ongesonde geloof egter na vore as arrogansie. Die arrogansie om te dink jy verdien die huis. Die arrogansie om voor te gee dat jy alles met skematjies en verklarings en tekste sou verstaan.

Gesonde geloof is vry en veilig by God te wees. Die dinge in jou huis word sakramente wat heenwys na jou tuisheid by die Here self. Jou russtoel word 'n uitnodiging dat jy as't ware in God kan sit en rus vind. Nie arrogansie nie maar verwondering is die manier waarop hierdie gesonde geloof na vore tree.

AvN Koninkrykstyding